# WAARHEID EN DWALING

**Maandblad van die Gereformeerde Persvereniging Veritas**

**1 Joh. 6:4 ". . . .Hieruit ken ons die Gees van die waarheid en die gees van die dwaling".**

**Jaargang 2** **Februarie 1995** **Vol. 2**

# VERSKEURDE EENHEID

## Is die eenheid in die GKSA nie dalk reeds geskeur nie?

'n Nederlandse koerant die "Nederlands Dagblad" (25 Januarie 1995) het berig gedoen oor die bekommernis in die Gereformeerde kerke van Suid-Afrika. Daar word beweer dat daar onsekerheid bestaan oor presies waaroor die bekommernis gaan. Ook in Suid-Afrika is daar blykbaar nog onduidelikheid. Daarom wil "Waarheid en Dwaling" duidelik stel wat die gereformeerde kerke tans ontstig.

## Ontstigting

Almal wat die waarheid lief het en wat die eenheid van die kerk van die Here hoog aanslaan, sal die kwessie van kerkeenheid met erns benader. Daarom is enige ontstigting van die kerke juis so 'n ontstellende saak. Die dinge wat ontstigting veroorsaak, beïnvloed die huidige belewing van kerkeenheid in die GKSA in 'n groot mate. Eenheid is meer as die bordjies voor al die kerkgeboue. Ons moet vir mekaar eerlik vra: is ons nog werklik een? Kerkskeuring kan alleen uitgeweer word as ons opreg met mekaar praat oor of ons IN CHRISTUS nog een is. Kerkeenheid is soos die speke van 'n wiel - hoe nader ons aan Jesus Christus die Hoof van die kerke is, hoe nader is ons aan mekaar. Dit het hoog tyd geword dat die sake wat beroering veroorsaak, by die naam genoem word. Wat vals en onskriftuurlik is, moet onverskrokke uit die weg geruim word.

## Hoe beleef ons kerkeenheid?

Om te sê daar is dinge wat aanstoot gee onder ons as gereformeerdes, is 'n gewigtige aanklag. Ons wil dit miskien nie altyd hoor nie, en sonder om te veralgemeen, moet ons egter sekere getuienis ter tafel neem:

* Daar is bepaalde verskille oor hoe die prediking beleef word, vanweë verskillende sienings (soms selfs bedek) oor Skrifgesag.

* Ons belewing van ons onderlinge afsprake met mekaar is nie eenstemmig nie - soos byvoorbeeld die kategismuspreke. In hoeveel kerke vind dit nog plaas, en indien dit wel plaasvind verskil so 'n preek enigsins van 'n langerige katkisasieklas?

* Daar is liturgiese "wildgroei" wat plek-plek begin kop uitsteek. Is al die nuwighede skriftuurlik verantwoordbaar?

* Hoe is dit dat sekere lidmate kilometers ver ry na ander gereformeerde kerke omdat hulle daar meer "tuis" voel? Hier is tog iets fout, en dit kan nie meer afgemaak word as persoonlikheidsbotsings nie.

* Kan ons eerlik as gelowiges vir mekaar sê dat sekere geheime organisasies nie ons besluitneming beïnvloed nie? Is dit altyd waar dat "ons en die Heilige Gees besluit het" (Hd. 15) of is bedekte geheime agendas en "eintlike inligting" van ingewydes die derde vennoot in die kerklike besluitneming?

* Tree ons in liefde op teenoor die met wie ons (ten regte of ten onregte) verskil. Ons kerklike vergaderings het in 'n groot mate verval in juridiese gesprekke oor watter kerkorde-artikel op spel is. Het ons nog 'n oog daarvoor dat God se orde vir sy kerk 'n liefdesorde is? Betrag ons nog die waarheid in liefde?

### *IN HIERDIE UITGAWE*


* VERSKEURDE EENHEID.......... P. 1
* SKRIFOORDENKING Psalm 42 & 43.......... P. 2
* JESUS EN DIE PSALMS [3] DIE DUIWEL EN DIE PSALMS.......... P. 5
* RESENSIE: Kommunikasiegebeure en prediking - antieke retoriek en moderne pragmatiek in die preekmaakproses.......... P. 6

- ★ Waar is die tug? Hoe kom dit dat die tug so ontsettend verwaarloos word of waar dit nog plaasvind word dit as 'n strafmiddel eerder as 'n liefdesmiddel hanteer?

- ★ Hou ons by ons afsprake, of kry ons nou 'n geografiese noord/suidbelewing van eenheid onder die voorwendsel dat belangrike verskille as "middelmatige sake" afgemaak word, of dat net "julle in die suide" dit so sien en nie julle siening op "ons in die noorde" moet afdruk nie.

- ★ Terwyl werklike verskille ten opsigte van die belydenisskrifte (veral art. 1 - 7) geminimaliseer word tot persoonlike interpretasie-moontlikhede, is daar 'n stygende agterdog en ettiketering, en soms selfs blatante beskindering vanweë onnodige politekery.

- ★ Of ons dit nou wil weet of nie - die sluiting van die Hammanskraalse Teologiese Skool gaan spanning in die kerke bring, veral namate argumente vir en teen die sluiting reg of verkeerd bewys gaan word. Gaan Afrikaans gehandhaaf word, soos wat ooreengekom is, of is die opening van die skool (7 Februarie 1995) in Engels al die begin om daarvan weg te beweeg?

- ★ Is ons nog gereformeerd? Daar het 'n toutrekkery ontstaan oor wie nou die eintlike gereformeerdes is, 'n stryd tussen die wat die belydenis handhaaf (veral ten opsigte van Skrifgesag) en die wat met allerhande akademiese nuwighede vreemde sienings as gereformeerd wil laat deurgaan, (lees ook resensie, P. 6).

- ★ Is daar nog behoorlike toesig oor predikante en teologiese professore? Het die gereformeerde kerke nie al te veel 'n soort Roomse dominies kerk geword omdat die ouderlinge baie onmondig is nie en die Woord nie meer reg gesny word nie?

- ★ Daar het al hoe meer 'n demokratisering van die kerke ingetree. Al die huidige "meningsopnames" (soos wat onlangs in Potchefstroom in omloop was) om die gemeente se sienings oor sake te toets, is in stryd met die belydenis dat Christus alleen sy kerk regeer deur die Woord en die Heilige Gees.

- ★ Dit is ook ontstigtend om te verneem dat 'n gereformeerde predikant (geadverteerd) in die Pinkster Protestantse "kerk" gepreek het.

- ★ Is prof. J.A. van Rooy al voor enige kerklike vergadering tot verantwoording geroep oor sy artikel "Is Allah die Here?" in die tydskrif "In die Skriflig" (Maart 1994).

## Al te lank verswyg

Is ons een as gevolg van Christus en alleen ter wille van Hom, of maak ons of ons een is ten spyte van Christus. Wil ons met mekaar een wees? Mag ons met mekaar so nagmaal vier?

As bogenoemde getuienis water hou - is die belewing van kerkeenheid ernstig in gedrang. Die vraag is daarom nie hoe gaan ons een bly nie, maar hoe gaan ons weer een word. Waarlik een in Christus.

Hierdie sake word nie genoem om maar net modder te gooi nie. Dit wil alleen maar sê wat al te lank verswyg word. Dit maak seer, ja, maar eerder nou praat as later verswEë beskuldigings rondgooi. Gereformeerd wees! Is dit nou nog ons heilige erns? Die herontdekking van die Woord in die sestiende eeu - wat het ons met daardie erfenis gemaak. Daardie ryk belydenis is ons erfenis. Is ons een - is ons een omdat ons nog almal gereformeerd is?

Wikus Buys

★ ★ ★ ★ ★

# SKRIFOORDENKING

## PSALM 42 & 43

*"Hieraan wil ek dink en my siel uitstort in my: hoe ek gewoond was om voort te trek met die skare, hulle gelei het na die huis van God, met die stem van jubel en lof - 'n feesvierende menigte!"*

## Is daar 'n toekoms?

In die politieke chaos, die golf van sedeloosheid en misdaad wat ons land oorspoel, ekonomiese agteruitgang en toenemende werkloosheid en regstellende aksies lyk dit, en voel dit dikwels of God ver van ons af is, of Hy ons verlaat het. Baie mense voel soos vreemdelinge in hulle eie land. Daar heers 'n gees van moedeloosheid en pessimisme by baie mense. Is daar vir ons nog hoop? Is daar vir ons nog 'n toekoms? Wat gaan van ons kinders word? In al hierdie moedeloosheid en pessimisme breek die lig van troos en bemoediging vir ons deur. Psalm 42 en 43 jubel dit uit: **Daar is hoop want ons verlosser is altyd by ons.**

Ps. 42 en 43 is eintlik twee dele van een psalm. Ons kan die hegte eenheid in hierdie twee gedeeltes duidelik sien in die omstandighede van die digter wat in albei dieselfde is en ons teksvers, wat woordeliks net so in Ps. 42:6 en 12 voorkom.

Psalm 42 en 43 is 'n lied wat gekenmerk word deur 'n geweldige geloofsworsteling. Die digter is 'n diep gelowige mens. Hy was 'n lid van die Koragiete, die voorsangers in die tempel van die Here. Hy was 'n

leidende figuur in die tempel, want hy sê in vers 5: "Hieraan wil ek dink en my siel uitstort in my: hoe ek gewoond was om voort te trek met die skare, hulle gelei het na die huis van God, met die stem van jubel en lof - 'n feesvierende menigte!"

## Waar is jou God?

Dit was die digter se grootste vreugde om saam met die volk van God in die tempel, in die teenwoordigheid van die Here te wees en Hom te loof en te prys en te aanbid. Maar nou verkeer hy in gevangenskap, ver van Jeusalem en ver van die tempel af. Uit vers 11 is dit duidelik dat dit vyandige mense is wat hom verdryf het en verhinder dat hy na Jerusalem en die tempel kan terugkeer. Hierdie vyande is goddelose mense wat nie rekening hou met God en sy gebod nie. Hulle neem besluite oor sy lewe en spot hom deur die hele dag vir hom te vra: "Waar is jou God?"

Dit is vir die digter 'n bitter saak. Hy is 'n gevangene in 'n wêreld waar hy elke dag blootgestel word aan die goddeloosheid en sedeloosheid van die vyande van God, ja, dit word letterlik in sy keel afgedruk en by dit alles voel dit vir hom of God ook ver van hom af is.

Ja, rondom die digter heers 'n geweldige geestelike droogte. Hy verlang daarna om in God se teenwoordigheid te wees, om deur sy Woord gevoed en vertroos te word en te drink uit die fontein van sy liefde en genade, om Hom te loof en te prys saam met die volk van God. Ja, soos 'n hert wat in die dorre droogte smag na die waterstrome, so smag my siel na U, o God! So dors die gelowige hart na die God van die verbond. Buite Hom is geen saligheid, geen vreugde nie, net alleen maar 'n diepe leegheid.

Die digter sit naby die oorspronge van die Jordaanrivier waar die magtige waters onder die rotse uit stroom en in geweldige watervalle oor die rotse van die berg Hermon dreun en onder in 'n verwoede maalkolk saamkom en alles in die pad genadeloos meesleur. Binne in die gemoed van die digter voel dit net so onstuimig soos die bruisende watermassas in die natuur. Dit voel vir die digter of die sonde en verleiding van die wêreld hom wil meesleur soos die waters alles in hulle pad meesleur. Dit voel vir hom of die rampe oor hom gestroom het soos die magtige waters oor die rotse stroom en hom in die maalkolk van verwarring en moedeloosheid wil verpletter.

* * * * *

***Die redaksie plaas graag die volgende berig wat "Waarheid en Dwaling" ontvang het:***

## VOORTSETTINGSKOMITEE VAN BEKOMMERDE GEREFORMEERDES

'n Toenemende getal lidmate van die GKSA in en buite die besondere ampte voel reeds geruime tyd bekommerd oor sigbare afwykings in ons midde ten opsigte van die leer, diens en tug, asook oor die kwyn van die amp van die gelowige. Hulle kommer het gedurende die laaste Nasionale Sinode toegeneem. Van hulle het in twee vergaderings byeengekom ten einde mekaar tot voortgaande reformasie op te skerp en te bemoedig om kommerwekkende sake op kerklike wyse aan die orde te stel.

Die laaste vergadering van 10 September 1994 het opdragte aan 'n Voortsettingskomitee gegee. Die Voortsettingskomitee het onder meer besluit om 'n verdere openbare vergadering te belê. Hierdie vergadering sal DV op ***SATERDAG 4 MAART 1995 IN PRETORIA*** gehou word.

Belangstellendes kan hulle skriftelik rig tot -
Die Sekretaris: Voortsettingskomitee
Posbus 912-865
SILVERTON 0127

of per telefoon by -
(012) 86-1901 (Dr. P.E. van der Dussen) of
(012) 73-5331 (Dr. J.G. Meijer)

of per telefaks by -
(012) 318-5635 (Verwys Dr. P.E. van der Dussen).

Namens die Voortsettingskomitee.

DR. P.E. VAN DER DUSSEN
Sekretaris

## God is daar

Tog weet hy deur sy kennis en ervaring van God: God is daar. God sal hom nooit verlaat nie. Al voel dit nie vir hom so nie, hoor en sien God hom tog in sy benoudheid raak. Daarom bid hy: "Stuur u lig en u waarheid; laat diè my lei; laat diè my bring na u heilige berg en na u woninge, dat ek kan ingaan na die altaar van God, na die God van my jubelende blydskap en U kan loof met die siter, o God, my God!"

Ja, hier waar ek ver is, waar ek worstel, waar die vyand dreig om my te vernietig en my deur hulle goddeloosheid mee te sleur, waar ek ver van U af voel, stuur u Woord en Gees, sodat dit die lig op my pad en die lamp vir my voet kan wees, sodat ek in al my benoudheid en beproewing die regte pad mag bly loop en nie deur die strome van die sonde meegesleur en verpletter sal word nie. Ja, dat ek deur U Woord en Gees gelei, die volle gemeenskap met u nooit sal mis nie.

In sy geloofsworsteling kan hy nog steeds glo, kan hy nog steeds vashou aan die God van die verbond, kan hy nog gelowig bid, kan hy nog hoopvol bely: "Wat buig jy jou neer, o my siel, en is onrustig in my? Hoop op God; want ek sal Hom nog loof - die verlossing van my aangesig en my God!" Ja, ek weet dat ek weer in sy heiligdom sal ingaan, dat hy die magte wat my verdruk en die bande wat my bind sal verbreek, sodat ek Hom nou in my benoudheid steeds loof, want Hy is my Verlosser en my God.

So gryp hierdie lied na Golgotha, na Jesus aan die kruis. Hy het die spot en die veragting van die wêreld gedra. Hy het in helse benoudheid en Godverlatenheid verkeer. Daar het Hy uit geroep: "Eli Eli lama sabagtani!" Dit is: "My God, My God, waarom het U my verlaat!" Ja, Hy is deur God verlaat, sodat ons nooit weer deur Hom verlaat sal word nie. Hy het ons plek ingeneem, sodat ons die ewige nabyheid en gemeenskap met God kan beleef, dat ons Hom vir ewig kan loof en prys in die ewige Jerusalem. Hy het gesê: "Ek is met julle, al die dae tot aan die voleinding van die wêreld."

Hy het gesê: "Ek het dors", sodat ons nooit die dors van die hel en Godverlatenheid sou ly nie, maar altyd uit die stroom van die lewe mag drink en ons dorstige siele voed. By die kinders van God is daar nou 'n ander dors. Dit is die verlange van die kerk in hierdie goddelose wêreld na die bruilof van die Lam. Dit is die uitroep van die bruid van die hemelse Bruidegom: "Kom Here Jesus, ja, kom gou!" Ja, hierdie dors is nie die dors vanweë 'n geestelike droogte of Godverlatenheid nie. Dit is die hunkering wat deur die Gees van God in sy kinders gewerk word na die ware gemeenskap met God en die medegelowiges en uiteindelik die wederkoms van Jesus.

## Al hoe meer losbandig

Die wêreld rondom ons is besig om al hoe meer losbandig te raak. Ons sien dit in die sedelose tydskrifte, films, musiek wat mode in ons land geword het. Die gees van vrysinnigheid en liberalisme is alhoemeer besig om die wêreld, ons land en in besonder ons volk in sy mag te kry. 'n Handves vir menseregte is al hoe meer besig om die vaste anker wat die Bybel in ons volkslewe was, te vervang. Die suiwere bediening van die Woord oor die media word vervang met soetsappige mensgesentreerde praatjies. Bybelonderrig word in die skole word stelselmatig uitgefaseer.

Die mense vir wie die suiwere Gereformeerde leer van die Skrif nog 'n saak van die hart is, wat nog enigsins getrou wil wees aan die eise van die Woord, word al hoe meer as 'n bespotting in hierdie wêreld beskou. Hulle word gesien as verkramp, outyds, belaglik. Die wêreld word al hoe meer 'n vreemde plek vir ons, maar helaas, die ergste van alles is dat hierdie selfde gees van vrysinnigheid en libberalisme ook besig is om die kerk te oorspoel en te verlam.

## Ons eie skuld

Dit is nie die AK 47's en die terroriste van Umkonto we siswe wat ons land lam gelê het nie. Dit is nie die NP of die ANC of enige ander party wat die skuld moet kry vir die toestand waarin ons verkeer nie. Dit is die gees van die liberalisme, die mode om vry te wees van God en sy gebod, wat ons land oorspoel. Dit is die dwaalleer wat in ons kerke verkondig word en die gebrek aan ware kennis by ons lidmate, wat nie die dwaling van die waarheid kan onderskei nie en daarom ook nie weerstand kan of wil bied nie. Ja, dit is ons eie skuld! Ons volk gaan ten gronde weens 'n gebrek aan kennis!

Moet ons nie saam met die banneling van Ps. 42 en 43 bid nie: "Stuur U Lig en U Waarheid; laat diè my lei: laat diè my bring na U heilige berg en na u woninge . . ." Ja, wanneer ek in die kerkbank, in die katkisasiebank, rondom die huisaltaar sit, laat dit nie maar vir my 'n koue ritueel wees nie, maar laat U Woord en Gees my die regte pad aanwys sodat ek die regte pad mag bly loop en in ware gemeenskap met U sal leef. En wanneer U weer kom op die wolke: "Dat ek kan ingaan na die altaar van God, na die God van my jubelende blydskap en U kan loof met die siter, o God, my God!"

## Troos

Ons stryd gaan baie dieper as die politiek. Dit is die stryd tussen die Christene en die Anti-Chris. Maar in hierdie geweldige stryd het ons die ewige troos dat God

ons nooit sal verlaat nie. Christus is in my plek deur God verlaat, sodat ons nooit weer deur Hom verlaat sal word nie. God het sy Woord aan ons gegee om die lig op ons pad te wees. Op Pinkster het Jesus sy Gees in sy kerk uitgestort, sodat God deur sy Gees altyd by ons sal wees. Daarom kan ons ook uitroep: "Maranatha", God met ons! Ja, "Wat buig jy jou neer, o my siel, en wat is jy onrustig in my? Hoop op God, want ek sal Hom nog loof Hy is my Verlosser en my God." Daar is hoop, daar is 'n ewige toekoms, daar is sekerheid, want ons Verlosser is altyd by ons.

Ds. M. Snyman

* * * * *

## JESUS EN DIE PSALMS [3]

### Die duiwel en die Psalms

*Mt. 4:6. [Die duiwel] sê vir Hom: "As U die Seun van God is, werp Uself af; want daar is geskrywe: Hy sal Sy engele bevel gee aangaande U, en hulle sal U op die hande dra, sodat U nie miskien u voet teen 'n klip stamp nie".*

Dit het bo-op die dak van die tempel in Jerusalem gebeur. Niemand anders as die duiwel nie begin om die Bybel aan te haal. En as hy met die Bybel begin, dan begin hy by Psalm 91. Ongelooflike ironie: Die duiwel probeer Jesus met die Bybel weerlê. Sy plan is goed uitgedink, maar dit is 'n diaboliese plan: As sy eerste plan om Jesus in die woestyn te versoek dan hopeloos faal omdat Jesus die Heilige Skrif gebruik [Mt. 4:4], goed, op die tempeldak [die tweede versoeking] gaan hy ook nou met die Skrif begin.

Meedoënlose duiwelse taktiek. Van die woestyn "neem die duiwel Hom [Jesus] saam na die heilige stad en laat Hom op die dak van die tempel staan" [Mt. 4:5]. Van die barre, verlate, eensame oord, staan die duiwel en Jesus nou midde in die woelige stad bo-op die mees heilige plek op aarde, in die sentrum van 'n menigte mense, hoog waar almal hulle kan sien. Alles stuur af op die grootste sensasie. Op die middelpunt van Israel, die grootste godsdienstige aktiwiteit, stuur alles op 'n grootse skouspel af - Jesus wat moet afsweef tot by die mense in die straat. Godsdiens is volgens die duiwel 'n skouspel. Jesus moet soos 'n toorkunstenaar demonstreer dat Hy die Seun van God is. Hy moet dit soos 'n goëlaar aan Jerusalem se publiek wys. Doen dit, Jesus! Een van jou psalms is jou waarborg. Ps. 91:11 en 12 is jou "skriftelike" bewys dat jy dit kan doen. Dit is tog die Heilige Skrif, nie waar nie? En die psalms vertel mos van jou, Jesus. Laat ek dit vir jou aanhaal: "Daar is geskrywe: Hy sal sy engele aangaande jou bevel gee, en hulle sal jou op die hande dra, sodat jy nie miskien jou voet teen 'n klip stamp nie" [Mt. 4:6].

Ja, die duiwel lees die Bybel! Hy ken die psalms. Hy haal Psalm 91:10 en 11 uit sy kop aan. Of hy ooit die psalms sing? As dit ooit sou gebeur, dan sou dit ten hemel skree - soos wat Psalm 91 in satan se mond op die tempeldak 'n vloek word, 'n lastering van die Christusnaam, omdat die Skrif oor Jesus heeltemal verkeerd gebruik word. Die Bybel word "gebreek". 'n Teksvers word uit sy verband geruk om 'n stuk menslike ydelheid te word - 'n kapstok om die preek aan op te hang. 'n Blokkie van die legkaart word op 'n verkeerde plek ingedruk. Dit is skeef. Die geheel word versteur.

Die eintlike betekenis van Christus in Psalm 91 word met opset vernietig en hier sien ons die blatante duiwelse misbruik van die Bybel.

In Psalm 91 gaan dit nie om gevare waarin iemand homself **willekeurig** stort nie, 'n "Houdini"-mentaliteit waarin 'n mens jouself in 'n kluister laat boei om dan met 'n kunsgreep met sensasie voor die publiek te ontsnap. Nee, in Psalm 91 gaan dit om 'n gevaar waarin God die mens laat kom, buite die mens om. [Harry Houdini wat 'n Amerikaanse goëlaar wat in die twintigerjare met ongelooflike behendigheid uit die sterkste boeie en verseelde houers selfs onder water kon ontsnap en met hierdie "wonderwerke" internasionale roem verwerf het.]

Op die tempeldak kom nou egter 'n duiwelse gevaar, met ander woorde, 'n **duiwelse versoeking**. Psalm 91 word vir duiwelse ydelheid gebruik. En hierop is net een antwoord: weer eens die Heilige Skrif. Verkeerde Bybelgebruik beantwoord Jesus met korrekte Bybelgebruik: God se bedoeling deur Sy volle Woord. "Daar is ook geskrywe: Jy mag die Here jou God nie versoek nie" [Mt. 4:7]. So staan dit in Dt. 6:16. Jy mag Hom juis nie met die Bybel [Christus se ewige Woord] versoek nie - ook nie met 'n psalm nie.

Ons staan oorstelp voor die wonder van die Heilige Skrif as dit **reg** gebruik word. Ons staan oorstelp voor die wonder van die psalms - as dit reg gebruik word. Maar ons sidder ook voor die psalms - as dit **verkeerd** gebruik word ... as die duiwel daaruit begin preek!

En nou moet jy goed luister, o mens. Jy moet jou Bybel ook reg lees. En dominees, julle moet die Heilige Skrif op die kansels reg preek. Moenie van los tekste menslike bloemlesings maak nie. Vergeet van jou eie [dikwels sondige] idees oor die godsdiens. Moenie jou gedagtes in die plek van God se gedagtes onder die gemeente indra nie. Dit is die duiwel se manier van doen.

Onthou die tempeldak! Ook in Ps. 91 gaan dit enkel en alleen oor Jesus Christus en Hom as gekruisigde [1 Kor. 2:2]. Niks anders nie.

Prof. V.E. D'assonville

* * * * *

# RESENSIE:

## Kommunikasiegebeure en prediking - antieke retoriek en moderne pragmatiek in die preekmaakproses. Artikel van C.C.A. Vrey en C.J.H. Venter in die tydskrif "In die Skriflig," Desember 1994

Resensie deur A.L.A. Buys

Die skrywers wil deur gebruikmaking van die antieke retoriek (oortuigingsmaniere) en moderne pragmatiek (spesifiek "hoe" gekommunikeer moet word) die maak en lewer van preke verbeter. Eers word kortliks 'n opsomming gegee van die hoofpunte van die artikel, (met 'n voorbeeld ter verduideliking - hierdie voorbeeld kom nie in die artikel voor nie) waarna die artikel beoordeel sal word.

Twee sake is van belang vir die preekmaakproses, naamlik waar antieke retoriek vir die moderne prediker waardevol kan wees en waar die moderne pragmatiek in die preeklewering gebruik kan word.

### Waarde van antieke retoriek

Daar moet bepaal word waarop is die preek 'n antwoord as argumentvoering. Voor 'n preek gemaak word, is dit belangrik om spesifieke vrae rondom die situasie (causa) van die hoorder op te klaar. Die situasie van die hoorders, met ander woorde die gemeente, kan tot 'n spesifieke tekskeuse lei.

Nadat die situasie van die hoorders tot die tekskeuse gelei het, word tot die eksegese oorgegaan. In hierdie stap word die "argument in die teks van die Skrif" bepaal. Dit het te doen met die vraag waarop die spesifieke argument van die Bybelskrywer 'n antwoord is. Hierdie eksegese (uitlegkunde) het te doen met die "vind van argumente uit die primêre Bron".

Na hierdie stap (naamlik om uit te klaar waarop die preek 'n antwoord moet wees) word die genre van die preek bepaal, met ander woorde watter soort preek gebruik moet word. Die antieke retoriek ken verskillende genres. Hierdie verskillende soorte bepaal op hulle beurt weer die "topoi" van die argument. Die "topoi" is veronderstellings wat eksplisiet of implisiet in die argument ingebed is. "Hierdie vooronderstellings behoort in noue samehang te wees met die waardes van die gemeenskap van die gelowiges tot wie die preek gerig word." (p. 532)

### 'n Voorbeeld

| | |
|---|---|
| Causa: | twis in die gemeente. |
| Status 1: | gee aanleiding tot 'n preek as argument teen twiste. |
| Status 2: | soek 'n argument in die teks van die Skrif waar die skrywer oor twiste 'n argument voer. |
| Genre: | soek 'n preeksoort wat die beste daarby sal pas om twiste te besweer. |
| topos: | bepaal watter veronderstellings alles 'n rol speel by die gehoor wat so twis. |

Nadat al hierdie dinge gekies is, kan die gepaste oortuigingsmiddele vervolgens gekies word. Hiervoor is drie dinge belangrik: die logos (logiese argumentering), die ethos (geloofwaardigheid van die spreker) en die pathos (beïnvloeding van die emosies van die gehoor dat hulle die rigting kies wat die spreker graag wil hê hulle moet inslaan).

### Waarde van die moderne pragmatiek

Die skrywers neem aan dat die "prediker ook in die voorbereiding van sy preek in gesprek is met die mense tot wie die preek gerig gaan word", (p. 536). Dit is nodig om kennis te neem van die gespreksituasie ten einde te weet of 'n bepaalde uiting (die preek) effektief kommunikeer. In die gespreksituasie is vier dinge van belang. Die sprekers (naamlik geënkodeerde sprekers wat weer gedekodeer moet word), die hoorder, die tyd en ruimte en die gedeelde kennis tussen spreker en hoorder.

### Beoordeling

Hierdie resensie word gedoen vanuit die belydenis oor wie die Here is en hoe Hy Homself bekendmaak en wat die gesag van daardie bekendmaking in onder andere die Woord is. Hiervoor is kennis van die eerste sewe artikels van die Nederlandse geloofsbelydenis onontbeerlik.

### Nuwe name?

Artikel een handel oor geloof in die bestaan van God.

God kan slegs genoem word soos Hy Homself aan ons benoem in sy Woord. Om oor God te praat as "Kommunikator" en "Bron" roep ernstige beswaar op. Geen mens mag God 'n Naam noem anders as wat God self openbaar nie. As daar dan nou 'nuwe name' bykom, ontstaan die vraag of daar dan nuwe openbaringe gekom het, wat die naamsverandering noodsaak.

## Ons bely die openbarende God

Met N.G.B. artikel twee word bely dat God Homself aan ons nog duideliker en meer volkome bekend maak deur sy Heilige en Goddelike Woord. Ons bely die openbarende God. Die tydskrifartikel vertrek vanuit die kennende of soekende mens. Om te verwag dat elke preek 'n probleem van die hoorder moet aanspreek, is mensgesentreerd en selfsugtig. Die luisterende gemeente mag nie probeer om God onder kruisverhoor neem nie deur te vra: "wat word hier oor my probleem gesê". Om te verwag dat 'n preek altyd 'n vraag moet antwoord veronderstel skeptiek - "het God regtig iets vir my te sê" in plaas van die belydenis van die genade van Godsopenbaring of die bekendmaking van die oordele van God.

God openbaar Homself soos Hy wil en aan wie Hy wil. God bepaal ook wat presies Hy oor Homself bekend maak. Soms is dit ook iets waaraan die 'gehoor' nie eens 'n behoefte voel nie. Om van God te praat as die "eintlike Kommunikator" veronderstel dat die mens meer as net instrument in die verkondiging is. Die prediker kommunikeer dan mos ook. Stellings soos volg val dus vreemd op die gereformeerde oor: "In 'n preek moet die prediker God as die eintlike Spreker in die preek aan die woord laat kom." (p. 537) Die almagtige God spreek tot die mensdom soos en hoe Hy wil, geen mense kan God aan die woord stel nie. Hierdie is nie maar net haarklowery nie. Die indruk word inderdaad gewek asof God nie self kan praat nie en inderdaad "gehelp" moet word om aan die woord (kleinletter?) te kom. Dit blyk ook uit die bykomstighede wat noodsaaklik geag word sodat God kan spreek: "Die feit dat die preek egter tot mense gerig word - mense wat sondaars is - wat met bepaalde vooroordele na die prediker kan luister, noodsaak dat ethos ook in die preek plek moet kry." (p. 536). Dus: nie die sprekende God nie, maar die luisterende mens, nie die openbarende God nie, maar die kennende mens is die vertrekpunt.

## God argumenteer nie

Met N.G.B. artikel drie word bely dat die Bybel die Woord van God is en dat die Skrif deur die Heilige Gees voortgebring is. Die uitleg van die Skrif is ook geen saak van eie uitlegging nie. God 'arumenteer' nie met die mens in die Skrif, in die sin van 'n tweegesprek nie. Om eksegese te benoem as die soeke na die "argument in die teks van die Skrif" (p. 530) is nie te rym met die belydenis dat die Woord alleen verstaan kan word deur middel van die gawe wat die Gees gee nie.

## Relasionele waarheid

NIe alleen dit nie, eksegese word ook gesien as die "vind van argumente uit die primêre Bron". Onderliggend hieraan kan die siening lê dat die Skrif mense se getuienis oor God bevat en nie openbaring vanaf God self is nie. Hier is duidelik die spore van die relasionele waarheidsteorie sigbaar - soos wat dit verwoord word deur Dingemans se boek "Als hoorder onder de hoorders". Een van die uitlopers van die relasionele waarheidsteorie is dat die mens met God in 'n tipe vennootskap gaan oor die waarheid. God gee die helfte en die mense die ander helfte. Hierdie dwaling kom ook uit in die siening van die "gedeelde kennis". Die prediker word die openbaarder. Hy kan net preek wat hy verstaan: naamlik die argument uit die primêre bron. Die prediker preek wat hy weet en die gemeente voeg demokraties daaraan toe. In hierdie gesprek tussen die prediker en die hoorder word die waarheid gebore. Volgens hierdie siening kan daar mos nie meer die profetiese gawe in die kerke wees nie, want 'n profetiese gawe (primêr gesien as Skrifuitleg) verkondig wat God wil laat verkondig ongeag of die prediker dit self ten volle begryp aldan nie. (Natuurlik word nie bedoel dat juis gepreek moet word net wat nie verstaan word nie).

## Verkondiging

Om die preek te sien as gesprek het verreikende nega tiewe gevolge. As die preek eerstens gesprek is, is dit nie meer verkondiging nie. Dit is dus duidelik waarom daar dan eerder van "oortuigingsmiddele" (p. 534) gepraat word, in plaas van verkondiging. Dit is nie nodig om God met allerhande kommunikasietruuks relevant te probeer maak met betrekking tot die mense wat Hy self geskep het nie. God se koninkryk is nie afhanklik van die reëls van moderne kommunikasiekunde nie.

## Dekodeer

In N.G.B. artikel sewe bely ons die duidelike genoegsaamheid van die Skrif. Om van die Here te praat as 'n geënkodeerde Spreker wat 'spore' in die teks manifesteer (p. 536), is om die minste te sê, skreind. Skreind omdat dit op twyfel dui - die Skrif (antieke teks?) is nie duidelik genoeg nie en moet eers deur 'n filter, gedekodeerder, verhelder word. Wie is hierdie dekodeerder? Die Heilige Gees of die mens? Ten spyte daarvan dat daar gepoog word om te bely dat dit God is, is dit duidelik dat die prediker die mens is. Vandaar dat die prediker God aan die woord laat kom. Die vraag ontstaan: Is ons nie nou

weer terug in die donker middeleeue; maar in die plek van die "geleerde" priester wat aan die "dom" volk vertel wat God sê, het ons nou die opgeleide prediker wat kan dekodeer en dit dan aan die gehoor enkodeer, deur middel van 'n gesprek. Nêrens bely ons dat die mens 'volwasse' geword het om die 'waarheidsvennoot' van God te word nie. Ons bely wel die deursigtigheid van die Skrif, dat God ons wys op ons totale verdorwenheid en die weg tot saligheid. In die artikel word die preek vir alle praktiese doeleindes as die Woord van God gesien. Dit blyk uit die volgende aanhaling: "Anders as wanneer 'n skriftelike teks ondersoek word, is daar in die preek in der waarheid twee geënkodeerde sprekers. Die twee sprekers is in die eerste plek God en in die tweede plek die prediker self, (p. 536).

## Spore

Daar kom ook eklektiese (uitsoekende) skrifgebruik voor. Die aanhaling bewys dit genoegsaam: ". . . dat die 'spore' van die Spreker en die 'spore' van die prediker duidelik van mekaar onderskei moet word (vergelyk 1 Korintiërs 7)." Hier word die eenheid van die Skrif aangetas. Die vraag is: as die dekodeerder nou 'n 'sein' van Paulus optel, wat dan nou verskil van die 'sein' van God, kan hy maar die sogenaamde 'sein' van Paulus ignoreer, al staan dit in die Skrif? In elk geval - hoe gaan die verskillende dekodeerders mekaar vind oor watter een se 'spoor' jy nou eintlik opgevang het?

## Saam neem

Die prediker is veronderstel om die hoorder "saam te neem in" die Skrifteks, ten opsigte van die hermeneuse. "Dit kan alleen gebeur indien die prediker self al 'daar' was in sy voorbereiding". (p. 539). Met hierdie stelling word nie erken dat God Homself openbaar nie, omdat enige Godsontmoeting afhanklik gemaak word van die prediker se voorbereiding. Dit blyk uit die volgende: "Deur die leiding van die Heilige Gees EN (eie kurservering) die verantwoordelike begeleiding van die prediker in die interaksie kan hoorders nie onaangeraak van die preek of weggaan nie".

## Wetenskaplikheid

Van die formele uitsprake dat preek God se werk is, kom daar weinig in die artikel te reg. Die vraag ontstaan na die wetenskaplike verantwoordbaarheid daarvan om "gereformeerde stellings" te gebruik om juis uit en uit ongereformeerde sienings as Skriftuurlik te laat oorkom.

## Waarskuwing

Ten slotte rig "Waarheid en Dwaling" 'n waarskuwing: Indien daar op hierdie manier in die gereformeerde kerke gepreek gaan word, gaan dit slegte gevolge vir die kerke hê. Die kerke gaan leeg gepreek word, omdat die Skrif se gesag nie in die preek erken word nie. Laat daar eerder vasgehou word aan die gereformeerde belydenis wat ook bely: God laat sy lewende Woord verkondig.

* * * * *


# WAARHEID EN DWALING

**Maandblad van die Gereformeerde Persvereniging Veritas**

Prof./Dr./Ds./Mnr./Mev./Mej.........................................

Adres:.........................................

.........................................

.........................................

Poskode:.....................

Intekengeld: R36,00 Per Jaar (Voorlopig)

Vrywillige Donasie:.........................................

Datum:......................... Handtekening:.........................

Stuur u inskrwyingsvorm aan:

Die Redaksie/Administrasie
P/a A.L.A. Buys
Waarheid en Dwaling
Posbus 525
Piet Retief
2380

Of skakel: P.S. Steenkamp: 01343 - 2496 N/u


GEDRUK DEUR PIET RETIEF DRUKKERS

UITGEGEE DEUR: GEREFORMEERDE PERSVERENIGING VERITAS